—:o:—

# BOEKBESPREKING.

Dr. W. J. Kooiman: **Luther, zijn weg en werk;** Uitgewerij W. Ten Have N.V., Amsterdam, 1954. Bls. 221; prys f5.50.

Ons het die laaste tyd baie van die naam Luther gesien in ons koerante en dit dikwels hoor noem deur mense wat geleentheid gehad het om die rolprent oor Luther te sien. By wat ons nou net genoem het, verskyn daar ook van tyd tot tyd boeke, selfs in Afrikaans, oor sy lewe. Dit lyk dus waarlik of die naam Luther in die nabye toekoms meer tot sy reg sal kom as in die verlede.

Die werk van Kooiman is waarlik iets besonders en dien as sodanig aangekondig te word. Op bl. 219 vind ons die sleutel tot die werk, want daar bied die skrywer vir ons die volgende gegewens: Vanaf Oktober 1953 tot Oktober 1954 het hy Sondagaande oor die N.C.R.V. se senders 'n reeks praatjies gehou onder die rubriek „Weg en werk der kerkhervormers" en die resultaat van hierdie uitsendings vind ons nou in hierdie boek.

Die skrywer het inderdaad daarin geslaag om Luther se lewe en sy optrede as hervormer só te teken dat dit 'n lus is om die boek te lees. Die boek het verskyn net toe die rolprent oor Luther deur bemiddeling van die Amerikaanse Lutherse kerke gereed was vir vertoning en gevolglik is die boek pragtig geïllustreer met 'n aantal opnames uit die filmwerk. Hierdie illustrasies verhoog bepaald die waarde van die boek.

Die inhoud bestaan uit 50 sketse uit die lewe en werk van die hervormer, en die beste manier om daarvan kennis te neem is om die boek te koop en te lees. Die boek is besonder keurig op die mark gebring, sodat sowel aan skrywer as aan die uitgewers 'n woord van hartelike gelukwensing toekom.

J.P.J.

* * *

Ds. D. F. Erasmus: **Verlowing en Huwelik,** tweede druk. Sacum Beperk. 149 pp. 5/9.

Die bespreking van geslagsaangeleenthede is ook in Suid-Afrika iets alledaags. Onlangs is hieraan 'n verdere stoot gegee deur die besoek van dr. David Mace, professor in menseverhoudings aan die Universiteit Dew, New Jersey. In sy vaderland neem wantoestande op hierdie gebied ook sorgwekkende afmetings aan, soos so pas weer geblyk het uit 'n persberig dat 'n sewentienjarige rolprenster van Hollywood haar derde huweliksluiting aangekondig het! Begryplikerwys het dr. Mace ook hier daarvoor kom pleit dat iets deurtastends gedoen sl moet word.

Terwyl baie mense vandag so seksueel oorbewus is, moet een ding ten seerste betreur word. Dit is naamlik dat aan ons volk in geskrifte en andersins so bitter min voorligting gegee word wat die gees adem van ons tradisionele Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Pornografiste laat egter nie op hulle wag nie. C. M. v.d. Heever verklaar dat seks in die plek van godsdiens gekom het; in poësie en prosa is dit byna 'n obsessie . . . . 'n verlammende skaamteloosheid ondermyn alles wat waarde het. Dit bring mee dat ons nie anders kan as om die verskyning van hierdie boek van ds. Erasmus in sy tweede druk besonder te verwelkom nie.

In ons tydsklimaat moet veral ons jongmense met boeke van hierdie stempel gewapen word. Dit sal in 'n atmosfeer vol infeksie 'n bydrae lewer tot wat A. D. Müller so dringend noodsaaklik ag, nl. 'n „Entdaimonisierung" van die seksuele lewe. Weerstand teen die heersende tydsgees kan nie opgebou word met die los kalkpleistering van 'n bloot humanistiese kreet dat jy fatsoenlik en goedgemanierd moet wees, of met die prinsipiële ankerloosheid van die naturalistiese etiek nie. Hier word tevergeefs gesoek na 'n uitweg tussen aan die een kant die miskenning van die volle waarde van die seksuele lewe, soos bv. by Rome met sy selibaat, en aan die ander kant die panseksualistiese negasie van alle heilige binding waarheen die Freudianisme voer. Die regte weg word vir ons in die Bybel aangewys: in die genadelewe word net die sondige ontaarding, maar nie die bete-

kenis van die seksuele as sodanig bestry nie.

As Skrifgelowige dui ds. Erasmus hierdie lg. weg aan. Met sy rype ervaring staan hy vaderlik en begrypend (as ons die woorde van Brillenburg Wurth mag gebruik) teenoor die reële problematiek van ons natuurlike, deur die sonde ontwrigte menselewe. Hy skrywe oor baie delikate dinge i.v.m. die seksuele lewe, maar die trant is anders as by die pornografis. Hy doen dit op so 'n wyse dat ons gedagtes by die lees daarvan „Bybels gevuld" bly. Die sedelike normbesef word opgeskerp. Die standpunt dat die drifte uitgeleef en nie beheers moet word nie, dat die lusmotief deurslag moet gee, dat die seksuele lewe in ewolusionistiese sin 'n gewone dierlike funksie is, soek tevergeefs steun by hierdie skrywer. Die rede is dat die beginsels van die Heilige Skrif nie gedevalueer word nie.

Dit is werklik bemoedigend dat 'n boek soos **Verlowing en Huwelik** nou 'n tweede druk belewe. Dit is tog 'n teken dat daar nog behoefte moet wees aan sulke leesstof. Mag duisende eksemplare nog verder versprei word. Na die eerste druk het werke verskyn wat ek graag nou in die uitvoerige en waardevolle lys van geraadpleegde boeke sou wou gesien het. Op 'n enkele plek kon die aksent miskien effens anders geval het. 'n Keer of wat kon wydlopigheid uitgeskakel gewees het. Dit alles verminder egter nie die waarde van hierdie allesins lesenswaardige boek nie.

P. J. COETZEE.

Bloemfontein.

* * *

## ARGIEF-JAARBOEK VIR SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS.

**Sestiende jaargang, deel II.**

Die Staatsdrukker, 1953.

Hierdie uitgawe van die **Argief-jaarboek** bevat drie bydraes.

1. W. S. van der Westhuizen, M.A., D.Ed.: **Onderwys onder die algemene Skoolkommissie: Die periode 1804-39.**

Die werk is 'n proefskrif vir die doktorsgraad wat die skrywer onder leiding van prof. dr. H. P. Cruse aan die Universiteit van Stellenbosch saamgestel het. Dit bevat, hoofsaaklik aan die hand van oorspronklike dokumente, 'n uitvoerige historiese uiteensetting van die onderwys en onderwystoestande in die Kaapkolonie vanaf 1804 tot 1839. By die deurlees van die werk kan mens nie help om tot die gevolgtrekking te kom dat die skrywer geen moeite ontsien het om die dokumente-materiaal te vind en uit te put nie. Aandag word geskenk aan die verskillende onderwysinrigtinge vir blankes sowel as nie-blankes in Kaapstad en in die buitedistrikte. Die leser kry 'n duidelike beeld van die organisasie en inrigting van die skole, leerplanne wat gevolg is, onderwysmetodes wat toegepas is, die onderwysers wat in diens gestaan het, en veral word op die beheer van die onderwys gedurende die tydperk onder behandeling besondere klem gelê. Hoewel kritiese opmerkings, waar nodig, in die teks voorkom, sou 'n slothoofstuk, waarin die skrywer 'n samevatting van sy bevindinge gee, die waarde van die werk ongetwyfeld baie verhoog het.

Dr. van der Westhuizen verdien alle lof vir die teniese versorging en mooi afwerking van sy proefskrif. Die werk is baie volledig en op uitstekende wyse gedokumenteer; dit bevat 'n uitvoerige bronnelys sowel as 'n volledige register. Die taal is deurgaans goed versorg en die werk lees baie vlot. Die werk is nie alleen vir die student van die historiese opvoedkunde van belang nie maar ook vir die persoon wat in die geskiedenis van ons volk belangstel, omdat dit besonder waardevolle

gegewens bevat wat nie in die gewone geskiedenisboeke voorkom nie. Dr. van der Westhuizen se werk kan met groot vrymoedigheid aanbeveel word.

* * *

2. Margaret Park, M.A.: **The History of Early Verulam, 1850-1860.**

In hierdie werkie, 'n M.A.-verhandeling (Universiteit van Natal), gee Margaret Park 'n kort maar duidelike oorsig van die stigting van die Verulam-nedersetting in 1850 en die lotgevalle van die nedersetting gedurende die eerste tien jaar van sy bestaan. Dié nedersetting, geleë aan die Umhlotirivier, ongeveer 20 myl noord van Durban, het ten spyte van veel moeilikhede en teëslae tot stand gekom onder beskerming van die Britse „The Natal Christian Colonisation Society", waarvan die ywerige en vrome William Josiah Irons nie alleen die vader was nie, maar ook die bestuurder en sekretaris. Die doel van die emigrasie-skema wat deur hierdie vereniging van stapel gestuur is met die oog op die stigting van die nedersetting, was nie kommersieel van aard nie maar „it was a sincere attempt on the part of a man genuinely interested in the welfare of his fellow men, to improve their social and economic position by enabling them to partake of the advantages offered by a land overseas, which, individually, they would have been incapable of reaching". Agtereenvolgens word dan ook nog gewys op die snelle ontwikkeling van die maatskaplike, ekonomiese en kulturele lewe van die Vreulam-nedersetters tot 1860, waaruit duidelik blyk dat die nedersetting nie alleen aan die hoë ideale van die stigter voldoen het nie, maar dat daarvandaan ook 'n belangrike invloed na ander dele van die Natalse kolonie uitgegaan het.

Die skryfster het werklik daarin geslaag om 'n klein brokkie uit die Natalse verlede weer lewend te maak. Van die bronne tot haar beskikking het sy 'n baie oordeelkundige gebruik gemaak. Taal en styl is baie goed versorg, terwyl die tegniese afwerking van die werkie feitlik niks te wense oorlaat nie.

* * *

3. Ds. B. Spoelstra, M.A.: **Die Bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse Kolonie in 1907.**

As student van die P.U.K. vir C.H.O. en onder leiding van prof. dr. D. W. Krüger het B. Spoelstra met hierdie verhandeling die M.A.-graad met lof van die Universiteit van Suid-Afrika ontvang. Afgesien van die meedeling van gewone feite-materiaal (hoofsaaklik uit oorspronklike amptelike dokumente en koerante verkry) het Spoelstra 'n fyn ontleding gemaak van die verskillende faktore wat daartoe aanleiding gegee het „dat 'n Boere-regering so spoedig na die oorlog weer die bewind oor die pasverowerde Britse Kolonie kom aanvaar". Ewe fyn is die ontleding van die motiewe wat verantwoordelik was vir die konsiliasiebeleid wat deur die Botha-regering aanvaar is, terwyl die algemene probleme waarmee onmiddellik na die bewindsaanvaarding te doen gekry is, baie duidelik uiteengesit is.

Spoelstra het met hierdie verhandeling wat „nog maar die eerste sport van selfstandige studie verteenwoordig" homself as 'n bekwame navorser en skrywer geopenbaar. Interpretasie van die geskiedkundige gebeure kom in die werkie tot sy reg terwyl die styl, hoewel somtyds ietwat saaklik, fris en helder is. Tegnies is die werk goed versorg.

Mens wil hoop dat ds. Spoelstra die tyd en geleentheid mag vind om nog

verdere navorsingswerk te onderneem.

Ten slotte 'n woordjie van waardering aan die Minister van Onderwys Kuns en Wetenskap en die Argiefpersoneel wat vir die uitgawe van die **Argiefjaarboek** verantwoordelik is. Deurdat dit geleentheid vir publikasie bied, word navorsing geweldig aangemoedig; deur die publikasie van verdienstelike proefskrifte, verhandelinge en ander navorsingswerk, word 'n groot diens aan die geskiedskrywing in Suid-Afrika sowel as aan die Afrikaanse volk bewys.

J. S. DU PLESSIS.

* * *

Pretorius, J. L.: **'n Ondersoek na die Persoonlikheid en Beroepsbelangstellinge van Universiteitstudente volgens Spranger se Waardetipes.** Uitgegee onder „Opvoedkundige Studies" van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Pretoria, 1954. 65 bladsye.

Met hierdie verhandeling het die skrywer die M.Ed.-graad aan die Universiteit Pretoria verwerf. Die publikasie is egter 'n verkorting van die oorspronklike. Aan die einde is dit voorsien van 'n opsomming in Engels.

Die skrywer wend hom in hierdie ondersoek tot 'n gebied wat dieper tas as die gebruiklike wat in aanmerking kom by beroepskeuse, nl. die normatiewe aspek van die persoonlikheid. Die probleem word op die eksperimentele metode gehanteer en die resultate volgens die statistiese metode bereken. Hierin het die skrywer hom nougeset by die vereiste prosedure gehou.

Die ondersoek het positiewe resultate afgewerp, en daarom beskou ondergetekende hierdie werkie van besondere belang vir beroepsvoorligters en onderwysers. Dit prikkel tot dieper studie oor die terrein van die persoonlikheid wat o.i. die kern veel bevrediggender saamvat as wat ooit uit 'n versplintering van die persoonlikheid opgebou kan word.

H. J. J. BINGLE.

Potchefstroom.

* * *

Spoelstra, J.: **Die Slavin.** Pro Rege-Pers, Bpk., Potchefstroom. 79 bladsye; prys 5/6.

Die skrywer neem die geskiedenis van die genesing van Naäman van sy melaatsheid deur die profeet Elisa en bou dan daaromheen 'n verhaal. Die sentrale figuur hier is die dogtertjie uit Israel wat as slavin in die huis van Naäman die lig van die kennis van die ware God in die heidenland indra. Die skrywer slaag goed daarin om die mense te laat leef en om die geloof van die slavin weer te gee.

Graag beveel ondergetekende hierdie boekie by ons ouers aan wat gesonde leesstof vir hulle kinders soek. Dit help ook mee om die Bybelse agtergrond vir die kind te laat leef.

H. J. J. BINGLE.

Potchefstroom.